NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

18 Augustus 2019

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. Nagmaal. **Hebreërs 11:29 - 12:2.** *Klaar maak is ook wen!*
2. **Kleinkerk en Kleuterkerk** in koffiekroeg vir poppekas tydens die erediens.
3. **Vroue Dankbaarheidskoeverte** word vandag uitgedeel en op 1 September ingeneem. Die fondse gaan vir die Kerskardoese 2019 projek.
4. **Welkom! Nuwe lidmate** meld na die erediens by die kombuistoonbank aan.
5. **Kerkraad** vergader 18:00 in die konsistorie.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Program vir die volgende weke**

25 Aug	Omgeegroepe
1 Sep	Lentesangfees; Fokusweek Huwelik
8 Sep	Omgeegroepe

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

18/08 Lena Kalis
19/08 Sonique Drake, Leonie Mouton
22/08 Theunie van der Merwe
24/08 Hester Botes, Danielle de Kock, Basil Hendriks, Piet Myburgh

INSPIRASIEDAG – SATERDAG 14 SEPTEMBER

NOOIT TERUG … ALTYD VORENTOE!



Pieter de Villiers wy sy lewe daaraan om mense in 'n wêreld met baie eise, *te bemagtig* om die uitdagings van *balans, vrede, sukses, geluk en vervulling* te bemeester. Sy passie is om mense te laat kies vir 'n lewe *met 'n positiewe toekoms in gedagte* – EN SINVOL DAARVOOR TE LEEF. 'n *Oggend van inspirasie om te leef vir elkeen* – ongeag ouderdom of omstandighede. Nooi soveel as moontlik vriende en familie. Gaan lees meer by *pieterdevilliers.co.za.* Daar is geen koste verbonde nie maar ons het getalle nodig vir die teetyd verversings en inhoud-materiaal.

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Rina Vogel** (076 313 3817), **Dolf van den Berg** (011 886 0843), **Sannie van Dyk** (011 475 0271), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Beth Spies** (011 787 2109), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hennie van der Schyff** (082 457 8871) en **Johan Kemp** (072 085 1222).
2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **Annakie van Zyl** (084 043 3069) herstel tuis na hospitalisasie.
   - **Alta van Niekerk** (082 774 1464) beleef 'n terugslag maar ontvang steeds chemo-terapie.
   - **Rita de Lange** (083 415 5655) se dogter **Sloan** ontvang steeds intensiewe behandeling.
   - **Moekie Steenkamp** (011 467 7830) herstel tuis van 'n knie-vervanging.
   - **Johan Moolman** (083 304 0241) herstel tuis van 'n heup-vervanging.
   - **Bennie Spies** (082 901 9353) is verswak en ondervind gesondheidsprobleme.
3. **Simpatie: Beth Spies** (011 787 2109) en gesin met die afsterwe van **Casper.**
4. **Onthou** ... ons onthou steeds almal wat in die afgelope jaar geliefdes aan die dood afgestaan het ... baie moeilike omstandighede moet hanteer ... baie lank gesondheidsprobleme ervaar ...

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: of SMS aan 082 570 4309.
Gebedskandelare teen die muur langs die groot ingangsdeure bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief-kers* wil opsteek.

KATEGESEPROGRAM

Datum	Gr 1 - 11	Datum	Gr 1 - 11
25 Aug	Lesdag 5	**8 Sep**	Lesdag 7
1 Sep	Lesdag 6	**15 Sep**	Projekdag

WYNVEILING 2019

Vrydag 30 Augustus se Gemeente-ete en Wynveiling is die belangrikste bron van fondse vir die jaarlikse Kersfeeskardoese-projek. Dit is 'n groot kuieraand met heerlike kos en 'n uitstekende verskeidenheid kwaliteit wyn vir alle smake – van beginners tot fynproewers. Die katalogus sal vanaf 23 Augustus beskikbaar wees vir beperkte voor-verkope. **Kaartjies kos R100 per persoon** (vir 'n heerlike 3 gang-ete). *Dit is alreeds 'n bydrae tot die projek – al word geen wyn gekoop nie* !! Vriende en omgeegroepe kan tafels bespreek. Kaartjies is vandag in die portaal te koop en kan deur die week bespreek word per SMS 083 226 9988.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 18 Augustus – Hebreërs 11 : 29 – 12 : 2

Stil word en aanbidding: Deel iets van die afgelope week se ervaring as Christene in die stukkie wêreld waar jy leef. Hosea 11 het ons verlede week uitgedaag om aan te hou liefhê al maak dit ook seer ... want God sal nooit ophou om ons lief te hê nie.

Woord: Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees. Hebreërs 11 laat mens op 'n manier aan 'n foto-album dink. Om Hebreërs 11 te lees is soos om deur 'n foto-album te blaai en na die foto's van persone en gebeure te kyk wat 'n bepaalde invloed op jou lewe gehad het. Daar's foto's van ooms en tantes en grootouers, lank voordat jy op die toneel verskyn het; dan is daar die foto van jou waar jy op jou ma se skoot gesit het of saam met jou pa onder die sambreel; die eerste baba-foto's, skool- en gradeplegtigheid-foto's en troufoto's! Al die foto's maak herinneringe in jou wakker van mense wat in moeilike en goeie tye saam met jou was. Hebreërs 11 help ons kyk na die foto's in die galery van geloofshelde: die Israeliete droogvoets deur die Rooisee en wat die mure van Jerigo laat val het, Ragab wat die verkenners weggesteek het, Gideon, Simson, Dawid, Samuel, die foto's van hulle wat die triomf van hulle geloof ervaar het, maar ook van diegene wat in swakheid gespot, gemartel en doodgemaak is. Blaai nou deur die foto-album in Hebreërs 11:29-12:2.

Gesprek

1. Wanneer julle deur Hebreërs 11 lees is daar verhale van triomf en glorie, maar daar is terselfdertyd ook verhale van lyding, vernedering, bespotting lyfstraf, gevangenskap, mishandeling en wrede dood. Bespreek onder mekaar wat dit vir julle sê oor die geloofsreis agter Jesus aan? Wat sou, na julle mening, die waarde daarvan vir mede-Jesus-volgelinge wees om deur die foto's van persone in die geloofsgalery te blaai?

3. Soms is daar 'n uitsigloosheid in die geloofstryd, met weinig of geen indrukwekkende korttermyn resultate om op te roem nie. Watter raad het julle uit die lees van Hebreërs 11 vir mense wat al moeg geroei is op die lewe se rug-breek-rivier?

4. Praat met mekaar oor die noodsaaklikheid daarvan om as navolgers van Jesus in die geloof aan God se goedheid, trou en die geloofwaardigheid van Sy beloftes vas te hou in tye van swaarkry. Wat leer Hebreërs 11 vir ons hieroor?

5. Bespreek die metafoor van geloof as 'n wedloop. Wat, dink julle, wil die skrywer vir ons in die wedloop hiermee sê? Dink na oor die betekenis daarvan dat ons die oog op Jesus moet hou (12:2), wat die Begin ("Baanbreker" of "Inisieerder") en Voleinder ("Afronder") van ons geloof is.

Geloofsgewoonte: Om God se beloftes in Sy Woord te memoriseer. Met hierdie gewoonte leer ons om dmv van herhaling God se lewegewende beloftes te alle tye en onder alle omstandighede aan vas te hou, ten einde die geloof in ons aan te vuur. Skryf 'n belofte van die Here wat jy raak gelees het op 'n kaartjie en plak dit teen die yskas of spieël Lees die belofte elke dag en herhaal dit totdat jy dit ken.

Afsluiting: Bid saam dat dit wat die gedeelte aan ons bekendmaak in ons lewens toegepas sal word.

SNUFFELGIDS

1. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
2. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
3. **Herstelwerk:** Enige bestaande of nuwe huise/besighede, verbeteringe, herstel en opknappingswerk. Ons doen ook elektriese installasies, loodgieterswerk, palissades en motorhuisdeure. Skakel Marius by 082 481 4863 vir verdere navrae.
4. **Just Bee-Coz Creations:** Kontak ons gerus vir enige funksie se dekor. Van troukaartjies tot kinderpartytjies. Geskenkies en vele meer. Anna Meeding - 079 494 6155.
5. **Koop jy huis? Doen jy veranderinge aan jou huis?** Dan het jy hierdie boek nodig. Alles wat jy moet weet! Kontak Albert van Wyk - 083 375 6789 of www.proudhomeowner.co.za.
6. **Te huur:** Moderne ruim tuin woonstel vir R6 950 pm, eie parkering, veilig, swembad, internet. Sentraal geleë, ten volle gemeubileer. Kontak 082 920 6163 vir navrae.
7. **Beskikbaar:** Vakansiehuis in Marlothpark (grens aan die Krugerwildtuin) oor naweke of langer. Kontak Inez Steyn (082 684 4339) vir navrae.
8. **Ekstra Wiskunde klasse:** Martha Straat (Noord), Moret, Randburg. Kan enige graad help van Gr. 1 - 12. Afrikaans of Engels. R250 per uur, per kind. Ria van den Tillaard, 072 202 7563.
9. **Rekenkundige dienste en belasting praktisyn:** Wye verskeidenheid funksies beskikbaar. Skakel 079 383 6184 of e-pos: dspringle@mweb.co.za.
10. **Piet Skoenmaker:** Bring skoene op 'n Sondag en kry volgende Sondag terug. Hak (Dames -R30. Mans R50). Sool (Dames -R50. Mans R75). Stikwerk (*stitching*) - R50. Bring skoene in sak met instruksies/versoek, kontant en telefoonnommer. Navrae en inligting by die kerkkantoor.
11. **Ekklesiapark Kuierdag.** 7 September 10:00. Worsbroodjies, pannekoek, kerrie en rys, ens.
12. **Geleentheid!!!** NG Kerk Randburg het in 'n vennootskap met *WeBenefit* getree. WeBenefit help kerke, deur winsdeling, om geld te spaar èn fondse te versterk. Ondersteun gerus hierdie inisiatief om te help om fondse te skep vir die gemeente - sonder om u 'n ekstra sent te kos! Besighede kan ook op die platform registreer om aankope te doen. Webenefit.co.za wys watter wye reeks produkte beskikbaar is. Kontak marnelle@webenefit.co.za vir besonderhede of 'n kwotasie met NG Randburg as verwysing.
13. **Dringend gesoek:** Enige afval of oortollige lappe vir ons Donderdag naaldwerkgroep. Maar nie laslappies nie. Bring asb na kerkkantoor.
14. **Lindenpark Lente Basaar:** 7 September van 9h00-14h00.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za tuisblad.